# Ek is... ’n Duisend redes hoekom ek hom kan liefhê.

## Ek is ... Liefde

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 16 Augustus 2026

**Ek is... Liefde**

**Lukas 16:19-31**

19En daar was ’n ryk man, en hy het purper en fyn linne gedra en elke dag vrolik en weelderig gelewe.

20En daar was ’n bedelaar met die naam van Lasarus wat vol swere voor sy poort gelê het.

21En hy het verlang om hom te versadig met die krummels wat van die ryk man se tafel val. Ja, selfs die honde het gekom en sy swere gelek.

22En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham.

23En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem.

24En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam.

25Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte.

26En by dit alles is daar tussen ons en julle ’n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie.

27En hy sê: Ek bid u dan, vader, om hom na my vader se huis te stuur —

28want ek het vyf broers—om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie.

29Toe sê Abraham vir hom: Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister.

30Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer.

31Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.

**Hoe kan ’n God van liefde mense vir ewig verlore laat gaan?**

Ons het in hierdie reeks gepraat oor wat die Skrif sê oor God se regverdigheid, sy almag, sy alwetendheid... dinge wat mense dikwels betwyfel ... “Ek kan nie glo in God nie; as Hy is soos julle sê Hy is, hoekom lyk die wêreld, die geskiedenis, en my eie lewe so?”

En mense betwyfel veral dit waaroor ons vandag praat, wat sekerlik die grootste eienskap van God is, dit wat Johannes so onomwonde stel:

**1 Johannes 4:16**

God is liefde. En wie in die liefde bly, bly in God, en God bly in hom.

Die groot beswaar is: "As God dan liefde is, hoe kan hy mense vir ewig verdoem, verlore laat gaan?"

Voor ons na Jesus se gelykenis kyk wat die onderwerp van ewige verlorenheid so uniek beskryf, is dit nodig om te erken dat die probleem soms lê by hoe party 'gelowiges' oor die hel praat. Dit veroorsaak dat mense niks met die kerk of geloof te doen wil hê nie.

Een manier is wanneer dit lyk of die een wat daaroor praat, vanuit die hoogte, byna met minagting en genot daaroor praat: "Ek is reg, jy's verkeerd, en jy gaan boet, wag maar, jy sal sien." Geen deernis, geen omgee nie...

En die ander manier is om net soos met God se regverdigheid, almag en alwetendheid, die mens se aandeel te ontken of te onderbeklemtoon; om die rede vir verlorenheid te sien as hoofsaaklik die straf van God vir mense wat nie reg geleef het nie. En dan smeek die geskokte mense God in die hiernamaals om hulle nie weg te wys nie, maar Hy weier. Is dit regtig hoe die Bybel God beskryf? (Natuurlik sê die Bybel verlorenes sal smeek, maar soos ons later sal sien, was die ryk man se smeek nie regtig na God self nie. En natuurlik is daar ook straf, of gevolge ter sprake, daaroor praat ons in Sê La Vie.)

Maar by verre die grootste rede dat mense nie aanvaar wat die Skrif oor die oordeel sê nie, het niks te doen met hoe die kerk daaroor praat nie... Dit het te doen met mense se eie definisie van God se liefde, en met hulle idee oor wat die Bybel is, hulle Skrifbeskouing.

Ek onthou, so 'n paar jaar gelede moes ek 'n klas aanbied in 'n beradingskursus, en ek moes praat oor hoe bepalend vir jou heelword jou Godsbeeld is, ook jou selfverantwoordelikheid, jou sondebesef, belydenis ... Een van die kursusgangers was hewig ontsteld en het baie heftig beswaar gemaak toe ek een aand oor 'n mens se ewige perspektief praat; dat dit 'n mens help om te besef jou lewe het ewige implikasies ... Toe die oordeel van God ter sprake kom, het sy dit wat ek gesê het as toksies, gevaarlik en skokkend primitief beskou. En sy het nooit weer met my gepraat nie.

Daar is baie sulke mense, selfs teoloë, wat absoluut geen ruimte daarvoor maak dat God se liefde enige ewige toestand van verlorenheid kan toelaat nie. Wat daarop aandring dat hulle in die God van die Bybel glo, maar dit wat die Bybel sê oor oordeel, die hel en straf, as primitiewe idees beskou wat 'n mens moet verwerp. Hulle aanvaar dit waarmee hulle saamstem, en verwerp dit waarvan hulle verskil. 'n Nommerpas geloof en spiritualiteit.

Paulus verskil van so 'n benadering ...

**2 Timótheüs 3:16-17**

16Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,

17sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

En die Skrif praat dikwels van 'n finale oordeel oor hoe jy geleef het, en dit praat van ewige verlorenheid.

Christianity asserts that every individual human being is going to live forever, and this must be either true or false. Now there are a good many things which would not be worth bothering about if I were going to live only 70 years, but which I had better bother about very seriously if I am going to live forever. Perhaps my bad temper or my jealousy is gradually getting worse—so gradually that the increase in 70 years will not be very noticeable. But it might be absolute hell in a million years: in fact, if Christianity is true, hell is the precisely correct technical term for what it would be. (C.S. Lewis)

Soms het mense ook die vreemde idee dat die Ou Testament oor verlorenheid praat maar die Nuwe Testament oor liefde en genade; dat Jesus al die verse oor straf in die Ou Testament kanselleer. Die waarheid is dat die Nuwe Testament baie meer oor ewige verlorenheid praat as die Ou Testament, en meer nog, dat Jesus self, meer as al die skrywers in die hele Bybel gekombineer, oor ewige verlorenheid en die hel praat. Om verlorenheid en die oordeel te verwerp, is om die hele boodskap oor hoekom Jesus gekom het, en hoe en hoekom Hy gesterf het, te verwerp. Dis juis die rede dat Hy gekom het, om mense te verlos van ewige verlorenheid. Dis waaroor die hele evangelie gaan.

**Johannes 3:16**

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Kom ons kyk wat ons kan leer oor verlorenheid in Jesus se gelykenis.

**Verlorenheid is om van God geskei te (wil) wees.**

**Lukas 16:26**

(Daar is) tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie.

Om van God geskei te wees, en dit vir altyd, dis wat hel is.

Hel is die gevolg van keuses wat hulle volle gang gegaan het. En al die keuses kan opgesom word met die essensie van sonde. Sonde is om ver van God te wil wees, soos Adam en Eva na die sondeval wat vlug en wegkruip. Sonde sê vir God: "Los my uit."

Selfs die godsdienstige Fariseërs het vir Jesus gesê: "Los ons uit." Hulle was godsdienstig ongelowig. Met hulle goeie dade sê hulle eintlik vir God: "Ons is goed genoeg. Ons het u genade nie nodig nie."

Godsdienstige verlorenes moet gered word van die verlorenheid van: "Ek weet wat is reg en verkeerd, goed en sleg. So ver as wat enige mens kan, hou ek daarby; baie meer as onverantwoordelike mense. God kan sien wie hulle is wat goed leef en wie hulle is wat sleg leef. En dis die wat sleg leef wat verlore is en wat nodig het om te verander anders sal hulle vir ewig verdoem wees. Dis hulle wat moet oorgee en pleit vir redding. Maar ék loop 'n reguit pad, ek is veilig." Godsdienstige ongeloof. Afstand. Ver van Jesus.

Maar ook 'n nie-godsdienstige ongelowige sê dieselfde: "Los my uit. Ek oorweeg nie eers die moontlikheid dat daar 'n God is wat die sê wil hê oor my lewe nie. Ek kies wat vir my werk, wat ek geniet, hoe ek oorleef."

Godsdienstige en nie-godsdienstige verlorenes wat op verskillende maniere geskei is van Jesus, ver is, wat sê: "Los my uit."

En al wat God doen, is om te voldoen aan die versoek.

Al die pogings van 'n mens om van God se beheer weg te kom, om finaal van God vry te wees, om nie die volle beheer aan Hom oor te gee nie—die poging om soos die ryk man aan die ander kant van die kloof te kom—slaag uiteindelik. Die uiteinde van sy eie keuse: En dit is hel. Verwydering. Skeiding.

C.S. Lewis (The Problem of Pain), in sy hoofstuk oor die hel:

"Hell is the greatest monument in the history of the world to human freedom. What do you want God to do? Forgive them? But they won't be forgiven. What do you want him to do? Leave them alone? Alas, that's exactly what he's going to do." C.S. Lewis

'n Mens se bedrieglike hart sê: "Bly weg van God af, want as jy afhanklik van God raak, gehoorsaam aan God raak, verloor jy jou onafhanklikheid." En hieroor is die hart natuurlik heeltemal korrek. Maar waaroor die hart heeltemal verkeerd is, is dat om onafhanklik te wees vryheid sal bring. Dis die groot leuen. Terwyl die groot waarheid is: Ja, as jy aan God oorgee, verlóór jy jou onafhanklikheid, maar jy vind ook jou vryheid.

Hoe vryer 'n mens van God wil wees, hoe meer gebind raak jy; hoe meer jy jou laat bind deur 'n wandel met God, hoe vryer is jy...

Die paradoks van ...

**Psalm 119:45**

Ek sal in vryheid (op 'n ruim pad) wandel, want ek vra na u bevele.

Om te bid: "Bind my, Here, beveel my, ek wil nie vry van U wees nie," en so word jy vry. Die paradoks van die smal weg na die lewe—dit is ook die ruim pad van vryheid...

**Johannes 8:31-32, 36**

31As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels.

32En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak [...]

36As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.

Die enigste vryheid, en ware, ewige vreugde wat die Bybel bied, is die gebonde vryheid van naby God wees ...

**Psalm 16:11**

U sal my die pad van die lewe bekend maak; versadiging van vreugde is voor u aangesig, lieflikhede in u regterhand, vir ewig.

Maar in die besoedelde deel van elke mens se wese is 'n stem wat sê: “As jy naby God wil leef, verlóór jy jou vryheid en die dinge wat jou lewe aangenaam en opwindend maak. Vreugde is nie voor sy aangesig te vind nie, maar weg daarvan.”

En so wys elke mens se lewe of jy die leuen of die waarheid glo, en dit wys waarheen jy op reis is:

- óf al hoe nader aan oorgawe, elke dag, weer en weer,
- óf die lang reis van stukkie vir stukkie se verset deur óf te glo jy is nie so sleg nie, óf deur nie om te gee hoe sleg jy is nie.

Millimeter na millimeter se vlug, weg van die bron van vryheid en lewe af. Uiteindelik gee God so 'n mens finaal sy sin.

In Milton se klassieke werk, Paradise Lost, sê Satan:

Farthest from Him is best…

Hail horrors, hail infernal world…

The mind is its own place, and in it self

Can make a Heaven of Hell, a Hell of Heaven…

Here at least

We shall be free…

Here we may reign secure, and in my choice

to reign is worth ambition though in Hell:

Better to reign in Hell, than serve in Heaven.

En dis wat elke dwalende, misleide, sondige hart glo: “Ek wil in beheer van my lewe wees, hier in my een lewe; ek gaan nie uit vrees vir ’n sogenaamde hel my kanse op vreugde verspil nie. Wie sê in elk geval daar is so ’n plek, of dat alles nie verby is as jy sterf nie. Ek gaan my nie aan bande laat lê nie.”

En uiteindelik sê God vir 'n mens dit wat 'n mens eintlik vir God moet sê: “Laat u wil geskied.”

Daarom is die hel nie net God wat sê: “Ek gaan 'n plek skep waar Ek hierdie mense kan straf en gee wat hulle verdien” nie. Dis hoofsaaklik ’n keuse, die realiteit van hoe dit is om te vlug, geskei te wees, te soek na 'n soort geluk ver van God af—die geluk wat jy vir jouself wil uitwerk, geskei van God en sy wil vir jou lewe.

Skeiding. Verlorenheid is skeiding, afstand …

**Verlorenheid is om in ’n toestand van disintegrasie te wees.**

Jy mag dalk vra: “Wel, wat gebeur as iemand finaal oor die kloof gegaan het? Wat gebeur as iemand finaal heeltemal van God weggevlug het? Wat is die gevolg van skeiding?”

Wat gebeur met 'n wese wat gemaak is om vir ewig te bestaan, as hy wegvlug van die Een wat vir hom sy sin, sy lewenskrag, sy vreugde en sy energie moet gee?

Die metafoor wat Jesus gebruik, is vuur. In Markus sê Hy dis soos 'n wurm wat nie sterf en 'n vuur wat nie uitgeblus word nie. En dit help nie om te dink: "Gelukkig is ons moderne mense. Ons glo nie in so 'n radikale, uiters primitiewe ding dat iemand vir ewig sal brand of deur 'n wurm gevreet word nie."

Ja, die vuur en die wurm is sekerlik metafore, maar 'n metafoor, al is dit nie letterlik waar nie, beskryf iets werkliks. In hierdie geval 'n werklikheid wat só diep en groot en belangrik is dat 'n ander beeld nodig is om die dieper of groter werklikheid te beskryf.

Vuur. Wat doen vuur?

Iets wat brand is besig om te disintegreer. Dis wat vuur doen. Dit vernietig.

Gee jou hart vir geloof, liefde, vrede, en jy word 'n geïntegreerde mens. 'n Heel mens. Maar gee jou hart vir dit wat nie ware vreugde en heelheid bring nie—gee toe, en hou aan om toe te gee aan daardie oomblikke van selfvoldane hoogmoed ("ek het niemand nodig nie"), geaffronteerdheid, bitterheid, of vrees en angs, selfsug, wellus, vergrype, suinigheid—gee toe, en 'n vuurtjie begin…

En hoe meer jy toegee, hoe meer jy dit koester, hoe meer word jou wese die brandhout van 'n vuur wat 'n ewige vuur kan word en jou kan vernietig.

Selfs in hierdie lewe weet ons breek bitterheid, bekommernis, angs, verslawing en woede 'n mens se liggaam (en jou gemoed) af…. Die hel is die voortsetting, 'n ewige bestaan met hierdie donker disintegrasie…

C.S. Lewis skep in een van sy wetenskapfiksieverhale, Perelandra, 'n karakter, Weston, wat uiteindelik heeltemal verval. So beskryf Lewis sy disintegrasie:

"The forces which had begun, perhaps years ago, to eat away his humanity had now completed their work. The intoxicated will which had been slowly poisoning the intelligence and the affections had now at last poisoned itself, and the whole psychic organism had fallen to pieces. Only a ghost was left, an everlasting unrest, a crumbling, a ruin, an odour of decay." C.S. Lewis (Perelandra)

In 'n ander boek, The Great Divorce, beskryf hy die proses van verval:

"Hell begins with a grumbling mood, always complaining, always blaming others… but you are still distinct from it. You may even criticize it in yourself and wish you could stop it. But there may come a day when you can no longer. Then there will be no you left to criticize the mood or even to enjoy it, but just the grumble itself, going on forever like a machine. It is not a question of God "sending us" to hell. In each of us there is something growing, which will BE hell unless it is nipped in the bud." C.S. Lewis (The Great Divorce)

So ook die ryk man… Hoekom het hy in Jesus se gelykenis 'n naam, maar die ryk man nie 'n naam nie?

Want die ryk man het homself oorgegee om vir rykdom as sy lewensdoel te leef. En uiteindelik is dit wié hy is. Dis sy naam: die Ryk Man. Dis al wat hy is. Hy wat geleef het om ryk te wees asof niks sonder rykdom die moeite werd is nie—rykdom of niks. En toe hy sy fortuin verloor (en elke mens gaan uiteindelik sy fortuin

verloor—alles), toe hy sy fortuin verloor, verloor hy homself. Hy disintegreer. Die bron van sy ware identiteit is weg.

Elkeen van ons, al probeer ons ook hoe hard, al volg ek Jesus, veg lewenslank hierdie geveg teen dit waarvoor ons onsself gee—dit wat ons in die plek van die Here die belangrikste dinge in ons lewe maak.

Dit wat ek dink my sal maak wat ek wil wees, my sal bevredig. Dan sal ek wees wat en wie ek wil wees. Dit wat ek reken vir my geluk en 'n naam sal kan gee. My loopbaan of niks. Romanse ten alle koste. Aansien. My kinders. Skoonheid. Hiersonder is die lewe nie die moeite werd nie. Fiksheid. Weerwraak.

En as jy jouself lank genoeg, en uiteindelik heeltemal, oorgegee het, het dit jou identiteit geword. Dis al wat jy is. Dis wie jy is. 'n Mooi vrou. Of 'n ryk man. ’n Gelukkige getroude. Of 'n bitter mens. Jy het nie 'n naam nie. Jy word jou grootste begeerte.

En dan kom die einde. En jy verloor als. Jy kan nie meer baklei teen jou eks wat jou verneuk het of jou vennoot wat jou ingedoen het nie. Of jou fortuin is weg. Of jou skoonheid. (Soms alreeds in hierdie lewe). En jy disintegreer.

Uiteindelike verlorenheid is om vir ewig in 'n toestand van disintegrasie, vir ewig met die keuse van 'n donker identiteit te leef.

Skeiding. Disintegrasie. En derdens, selfmisleiding.

**Verlorenheid is om jou eie selfmisleiding finaal te glo.**

Die ryk man dink steeds hy is die baas. Vers 24: “...stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel...”

Die ryk man is besig om te vergaan en hou nog steeds vas aan sy illusie dat hy in beheer is. En hy vra dat dinge vir hom gemakliker gemaak word. Selfsug se uiteinde is altyd totale arrogansie, totale gebrek aan selfkennis en realisme, en totale selfbeheptheid. Dis hoe die hel is.

Iemand het gesê dis soos wanneer 'n erg ontbinde lyk van 'n vrou lipstiffie sou aansit en begin flankeer. Selfmisleiding. Sy dink sy hét dit nog...

Die ryk man se selfmisleiding maak ook dat hy sy skuld nie kan erken nie. Hy sê vir Abraham: “As iemand uit die dood my broers gaan waarsku, sal hulle hulle bekeer...”

Kan jy sien wat hy doen? Hy blameer God. Hy vra nie vergifnis nie; hy insinueer eintlik dat hy, nes sy broers, nie ’n billike kans gehad het nie, nie die regte inligting gehad het nie.

Hy vra nie vergifnis nie, en ook smeek hy nie om terug oor die kloof te kom nie. Hoor hom: “Dis nie regverdig nie. Stuur Lasarus om my gemakliker te maak.” Geen begeerte om self te verander nie. Geen selfverantwoordelikheid nie. Totale selfmisleiding. (Die boek van C.S. Lewis waarna ek verwys het, The Great Divorce, beskryf hoe almal wat verlore is ontevrede is; almal voel hulle is onregverdig behandel, maar niemand wil die uitnodiging van die hemel aanneem nie.)

Hel is reeds óm ons. Jy sien dit in die hoogmoed, die paranoia, die liggeraaktheid, die selfregverdiging: "Niemand verstaan my nie..." of, "As kamstige kerkmense so skynheilig is, wil ek niks met die kerk te doen hê nie..." In die hel is almal so. Permanent. Vir altyd.

Verlorenheid is: Skeiding. Disintegrasie. Selfmisleiding. Maar...

**Jesus gee 'n uitkoms**

Aan die einde van Jesus se gelykenis gee Hy 'n uitkoms. Wanneer die ryk man sê Lasarus moet sy broers gaan waarsku—hulle sal luister na iemand uit die doderyk—sê Abraham...

"31As hulle nie na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan."

Al sou iemand uit die dood opstaan ... Jesus verwys na Homself. Dis die juweel in sy gelykenis. As iemand uit die dood sou opstaan... En Iemand het... Jesus self. En natuurlik ook kort na hierdie gelykenis, letterlik 'n Lasarus, toe Jesus hom opwek. En wat wou die Joodse leiers toe doen? Hulle wou Lasarus, en Jesus, vermoor.

En hulle hét Jesus vermoor. Dis waaraan ons dink as ons die nagmaal gebruik. Ons dink aan Hom wat in ons plek van God verwyder was toe Hy sê: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" Afstand... Ons dink aan Hom wat in ons plek gedisintegreer het—liggaam, siel en gees. En so in my plek die hel beleef het. Want dit is wat die hel is: skeiding, disintegrasie.

Ons hoor Hom as Hy sê: "As jy verstaan wat die hel is, sal jy verstaan wat Ek vir jou betaal het. Hoe waardevol jy vir My is. As jy glo wat Ek sê oor die hel, glo jy ..."

**Twee van die belangrikste feite waarmee jy moet leef:**

Eerstens: Waarheen jou keuses jou vir ewig kan neem.

Tweedens: Wat Ek in my liefde vir jou deurgemaak het.

So baie mense sê die Skrif se uitsprake oor die hel dryf hulle weg van geloof af. Dis juis wat jou ná geloof toe moet dryf. Dit kan jou ná God toe trek of jou van Hom af wegdryf ...

"In the long run the answer to all those who object to the doctrine of hell, is itself a question: 'What are you asking God to do?' To wipe out their past sins and, at all costs, to give them a fresh start ...? But he has done so, on Calvary. To forgive them? They will not be forgiven. To leave them alone? Alas, I am afraid that is what he does." C.S. Lewis

O, die groot waarheid van die Bybel oor die hel is: Jy hoef nie daarheen te gaan nie. Jesus het jou so lief dat Hy dit reeds namens jou verduur het. Jy het geen idee hoeveel jy vir Hom werd is nie.

Ja, die hel bevestig: God is liefde. Hy wil my naby aan Hom hê.